

## PSIGIESE BEHEER

Rinie Venter

### INLEIDING

Hoe sal 'n mens dit weet as hy of sy onder psigiese beheer (mind control) is? Is ons altyd bewus van die invloed en beheer wat oor ons uitgeoefen word deur gesagsfigure, die media, ons eie lewenseise, ensovoorts? Dit wil voorkom asof 'n mens eers van beheer bewus word as dit aan jou uitgewys word. Dit lyk ook asof mense dit makliker verwerk wanneer hulle bewus raak van beheer wat byvoorbeeld deur 'n politieke figuur of 'n misleidende advertensie oor hulle uitgeoefen is, aangesien die genoemde sake meer op die perifere veld van die meeste mense se bestaan lê. As persone egter mislei en bedrieg word nadat hulle hulle geloofsvertroue – 'n aspek wat van sentrale belang vir die meeste mense is – op die spel geplaas het, kan die geestelike en psigiese skade soveel groter wees.

### FAKTORE WAT VATBAARHEID VIR WERWING VERHOOG

Twee tipes faktore kan tot kultelidmaatskap lei, naamlik pre-disposisionele en situasionele faktore.

**Predisposisionele** faktore kan beskryf word as behoeftes en omstandighede waarin 'n persoon hom gedurende werwing kan bevind en word as agtergrondsfaktore beskou. **Situasionele** faktore ontwikkel uit die interaksie tussen die werwer en die rekrut. Voorbeelde van predisposisionele faktore, soos gevind in die literatuur, sal bespreek word. Daarna sal situasionele faktore bespreek word.

#### Predisposisionele faktore vir lidmaatskap in kultes

Uit die navorsing van Whitsett (1992:363) is bevind dat kulteledes as kinders dikwels gevoelens beleef het dat hulle "anders" en "verskillend" van ander kinders en mense rondom hulle was. Die kulte is dan dikwels die eerste ervaring vir hierdie persone dat hulle "soos ander mense" is. Die volgende ervarings is ook gedurende hierdie navorsing meegedeel:

"It was die first time anyone cared to **listen** to my troubles".

"It was the first time **I felt understood**".

"It was the first time **I felt taken care of**".

Martin (1992:11) is van mening dat miljoene kulteledes 'n eerlike poging aanwend om die diep en werklike behoeftes wat in die menslike gees bestaan, te bevredig, behoeftes wat moontlik **nie in gevestigde kerke bevredig is nie**.

Hugo du Toit, wat op 'n sendingstasie in Zimbabwe opgegroeï het, waar sy ouers toegewyde Christene was, het, nadat hy na Suid-Afrika geëmigreer het, ontugter geraak met die wyse waarop Christene oor die algemeen hulle toewyding aan die Here uitleef. Gedurende hierdie tyd het hy met 'n Jehovah-getuie kennis gemaak wat saam met hom begin Bybelstudie doen het. Aangesien hy met hierdie Organisasie se toewyding kon assosieer, het hy aangesluit en vir ongeveer vyf jaar 'n lid gebly.

Elkeen se identiteit word gevorm deurdat hy met sekere persone of objekte in sy leefwêreld identifiseer. Dit kan sy gesin, skool, kultuur, geloof of sy land wees. Adolessente bevind hulle in 'n fase waar hulle die mislukking van die mense, ideologieë en instellings sien waarmee hulle hulle geïdentifiseer het. Al wat nodig is vir die kultewerwer is om die persoon op hierdie "voete van klei" te wys. Hierdeur word die adolescent se **geloof in sy identifikasiestrukture (belief system) heeltemal afgebreek**, met die gevolg dat eksistensiële angs by die kind kan ontwikkel en hy kan wonder: "Waarheen nou? Wat bly oor waarin ek kan glo?"

Die sleutel tot psigiese beheer is die instandhou van hierdie toestand van dissosiasie vir 'n onbepaalde tyd sodat die jongmens as "prooi" met die "captor" kan identifiseer. Terwyl hy die voorbeeld van totale toewyding van die kulteledes ontvang wat optree asof hulle doodseker is waarheen hulle gaan en dat hulle 'n verskil kan maak in die wêreld, kan hy die kulteleder en -lede as nuwe identifikasiefigure begin beskou ten einde sekerheid te kry in wat hy glo. Hierdie werkswyse word sonder meer deur kultes gevolg, maar ook deur verskeie aanbieders van sogenaamde selfhulpkursusse, wat deur die afbreek van die persoon se identifikasiesisteem, met groot gemak New Age-leerstellings by die persoon laat posvat.

Sal 'n adolescent wat in 'n hegte gesin leef en deur hulle gesinne as kosbaar geag word, by 'n kulte betrokke

raak? Navorsing dui daarop dat die meeste kulteledes uit konflikvrye gesinne afkomstig is, maar dat daar gedurende die tyd voor aanvaarding van lidmaatskap, soms ernstige konflikte ontstaan het tussen gesinslede. Hoe dit ookal sy, blyk dit dat **disfunksionele gesinne** nie 'n baie groot rol in kulturevatbaarheid speel nie.

Jongmense kom voor 'n verskeidenheid besluite en keuses te staan, wat bemoeilik word deur die kompleksiteit van die lewe en die hoe-veelheid konflik wat met baie daaglikse gebeure geassosieer word. Hierdie omstandighede kan gevoelens van **angstigtheid** laat ontstaan. Die jongmens wat hom of haar in die teenwoordigheid van kulteledes bevind, kan verligting van gevoelens van rustigheid ervaar as hy hom skielik tussen mense bevind wat lyk asof hulle weet waarheen hulle op pad is en lyk asof hulle weet wat hulle doen.

Baie adolessente is **psigies en geografies** van hulle gesinne verwyder en gaan deur 'n moeilike periode van **verandering** in hulle lewens. Na matriek word die meeste skoolvriendskappe gestaak en die persoon is skielik deel van 'n nuwe, onbekende konteks van werk, studies en vriende.

Geen gemeenskaplike **persoonlikheidstreke** wat daarop kan dui dat sekere persoonlikheidstipes meer vir kultebeïnvloeding vatbaar is, kon tot dusver deur navorsing geïdentifiseer word nie. Wat wel in navorsing gevind is, is die trekke van naïwiteit en idealisme. Hierdie siening word deur McManus en Cooper (1984:14) ondersteun, deurdat dié navorsers van mening is dat kulteledes nie noodwendig individue is met chroniese psigiese probleme, emosionele stremminge of psigopatologiese versteurings nie, maar dat hulle meestal misleide idealiste is.

Jongmense wat vantevore **beheer en emosionele afpersing in ander verhoudings ervaar het en aan mishandeling en misleiding blootgestel was**, kan makliker 'n kulte ten prooi val. Wanneer hierdie tipe afhanklikheid ontwikkel, sal nuwe lede nie die kulte verlaat nie, al sien hulle die misleiding, aangesien hulle moet voortgaan om hulle eie besluite (om aan te sluit, hulle studies te staak, vriendskappe buite die kulte te beëindig, ensovoorts) te regverdig. "They feel bad about themselves already and admitting they had been duped into submission would be devastating ... If their self-worth had been present in the beginning they would have discerned the unhealthiness of the group and refused to be part of it ... They don't see the exploitation because their low self-worth has allowed them to be exploited all their lives, so it seems almost normal (Enroth 1994:26).

### **Situasionele faktore wat tot lidmaatskap in kultes aanleiding kan gee**

Hierdie faktore ontstaan gedurende die interaksie tussen die werwer en die gewerfde. Aangesien dit as deel van die stappe van psigiese beheer bespreek is, sal dit hier net genoem word.

- *Lede word aktief gesoek*

Kultes weet waar om mense te vind wat depressief voel en 'n behoefte aan vriendskap ervaar. In die meeste groot kultes word oefensessies gehou en opleidingshandleidings uitgegee waar lede geleer word hoe om mense te nader, feitlik net soos verkoopsagente opgelei word om hulle ware van die hand te sit.

In 'n sekere kulte is potensiële werwer opdrag gegee om 'n werk in die registrasiekantoor van 'n universiteit te aanvaar, waar daar baie geleenthede is om studente wat hulle kursusse staak en moedeloos voel, te werf. 'n Anonieme oud-kultelid is byvoorbeeld gewerf deurdat hy by 'n Bybelstudiegroep op 'n S.A. universiteitskampus aangesluit het. Een van die lede van hierdie Bybelstudiegroep was 'n gesoute kultewerwer wat gou met sy uitgebreide Bybelkennis en charismatiese persoonlikheid die ander beïnvloed het en feitlik al die lede van die Bybelstudiegroep vir die kulte verwerf het.

- *Frontgroepe*

Nuwe lede weet nie altyd dat die groep waarby hulle aansluit, net 'n front is vir 'n groot, wêreldwye organisasie wie se eintlike doelwit slegs fondsinsameling en proselietemakery is nie. Gedurende onderhoud met verskeie oudkulteledes is bevind dat nie een van hulle naastenby al die inligting oor die groep gehad het tydens die aanvaarding van lidmaatskap nie.

- *"Love bombing"*

Nuwe en potensiële lede is dikwels nie voorbereid op die oorweldigende liefde wat hulle by lede kry nie. Dit staan in skrilte kontras met die stilte en "koudheid" wat daar soms by konvensionele kerke bestaan. 'n Lid van 'n kulte in Pretoria het opgemerk: "Toe ek daar instap, was dit 'n antwoord op gebed. Uiteindelik het ek die ware liggaam

van Christus gevind". In hierdie selfde kulte is 'n ander oudlid deur sy vriende verwerp nadat hy hom uit die kulte onttrek het. Die liefde het soos mis voor die son verdwyn.

- *Die groep speel verkleurmannetjie*

Werwers word geleer om nuweling op te som en die eerste kuiersessie in 'n struktuur aan te bied wat by die persoon se geaardheid sal aanpas. Die groep verander letterlik van karakter om in te pas by die persoonlikheid en behoeftes wat deur die nuweling weerspieël word.

Hassan (1988:41), 'n oudlid van die Moonies, vertel dat hy en sy medelede geleer is om van 'n vierdelige persoonlikheidsmodel gebruik te maak ten einde nuwe lede te werf: "People were categorised as thinkers, feelers, doers, or believers. Thinkers are people who approach life with their minds, like intellectuals. Feelers lead with their emotions. Doers are action-oriented and very physical. Believers are spiritually oriented. If a person was categorised as a thinker, they would use an intellectual approach, showing him pictures of Nobel Laureates at one of the group-sponsored science conferences, creating a deliberate misimpression that these people were supporters of the movement. Feelers would respond well to a loving, caring approach and the members' emotional well-being was accented, as well as the extended family aspect of the group. Doers tend to like challenges and strive to accomplish a great deal with their lives. They would be told how much the group were doing in helping to alleviate suffering and poverty. Believers were seen as people searching for God, or looking for spiritual meaning in their lives". Volgens Hassan was hierdie mense "wide open" en het hulle self eintlik gewerf. "... as they would tell the members how they had just been praying to God to show them what He wanted them to do with their lives and that they believed they were 'spiritually led' to meet one of the group's members".

- *Fisiese, sielkundig en geografiese isolasie*

Potensiële lede word dikwels genooi na gratis lesing-en-ete-aande, waar vriendskapsbande met hulle gevorm word. Hulle kan ook na 'n pretnaweek op 'n vriend se plaas genooi word, waar 'n onverwagte streng gestruktureerde program aangebied word. In hierdie verband getuig oudlede dat hulle gevoel het asof hulle in 'n ander werklikheid beweeg, en afgesny en verwyderd van hulle vorige lewe gevoel het.

- *Vooruitwaarskuwing oor gesin se reaksie*

Soos reeds verduidelik, gebruik kultewerwers hierdie aspek baie deeglik om nuweling in 'n toestand van gereedwording te bring vir hulle gesinne se reaksie. Die jongmens verwag konfrontasie en is gereed daarvoor.

Die volgende invloede van die kulte mag alreeds sigbaar teenwoordig wees en plaas die jongmens in 'n veranderde situasie, ook tuis. Dit is asof die jongmens hom- of haarself met die volgende "bewapen" en die kultewerklikheid (nuwe identiteit) binne-in sy ouerhuis indra:

- Verandering in hare en kleredrag
- Kommunikasie word verskraal tot clichès, byvoorbeeld: "wat die wêreld nodig het, is liefde", "Alles wat julle doen is irrelevant. Die einde van die wêreld is op hande", "Julle verstaan nie", ensovoorts.
- Oogkontak word uitgeskakel of geminimaliseer. Die persoon sal somtyds lyk asof hy "uitsny" en sal nie hoor wanneer hy of sy aangespreek word nie, asof hy of sy in 'n ander werklikheid is.
- Die betekenisinhoud van die woorde wat die persoon gebruik, mag verander. Hy of sy mag byvoorbeeld ander betekenis heg aan woorde soos "God, familie, liefde, liggaam van Christus", as wat voorheen die geval was.
- Vriendskappe en stokperdjies mag gestaak word en besoeke aan die gesin sal toenemend verminder.
- Tyd wat normaalweg aan studies en ander verantwoordelikhede gespandeer word, mag heeltemal gestaak word.
- Die jongmens mag vae planne maak om uit die ouerhuis uit te trek en by "vriende" wat op 'n ander plek woon, aan te sluit.
- Alle toekomstige planne en doelwitte word gestaak en die persoon leef slegs vir vandag.

Wanneer ouers sommige van die bogenoemde veranderinge in hulle kind opmerk, onderskat hulle gewoonlik die mate van invloed waaronder die kind hom of haar reeds bevind. Die normale reaksie is dan om ultimatus te stel, wat die kind in die arms van die kulte kan indryf.

Uit die predisposisionele en situasionele faktore blyk dit dat daar moontlik reeds 'n proses van desosialisasie

tussen die jongmens en sy of haar vertroude leefwêreld plaasgevind het teen die tyd wat die kulte kontak maak. Wanneer die kultewerwer sy of haar verskyning maak, beskik die jongmens moontlik reeds oor die behoefte aan 'n stabiele omgewing waartoe mense met die verlangde lewenstyl, houdings en waardes hulle verbind het. Wanneer jongmense dink dat hulle dit gevind het, sal hulle hulleself verbind. Nuweling is ook sonder twyfel nie daarvan bewus dat hulle mislei word nie. Terwyl sommige van die bogenoemde situasionele faktore ook in sogenaamde veilige groepe mag voorkom, mag dit deur kultes misbruik word om die goedgelowige jongmens te verstrik.

## **STAPPE IN PSIGIESE BEHEER**

Die geslaagdheid van die proses van psigiese beheer hang daarvan af in hoe 'n mate die nuweling gesus kan word sodat hy geen onraad vermoed nie. Sekere van die stappe van psigiese beheer vind dus "agter die skerms" plaas en van ander sal die persoon bewus wees.

### **Fase 1: Eerste kontak**

Soos reeds verduidelik, word daar aktief na lede gesoek. Werwers is sterk en oortuigend. Hulle is ingelig, vriendelik, warm en ken hulle feite. Die persoon word genader en 'n praatjie word aangeknoop. Daar word gekonsentreer op die persoon se ervarings en met empatie geluister en uitgevra. Die persoon word uitgelok om te praat oor wat hom ookal pla. Die werwer luister aandagtig na alles wat gesê word en die persoon ontvang ondersteuning en empatie vir sy standpunt.

### **Fase 2: Hegting**

Die persoon ontvang 'n uitnodiging na 'n geselligheid. Daar aangekom, vind hy 'n vrolike, vriendelike groepie en 'n "vriend" word aan hom toegewys. Hierdie persoon (of "discipeler" soos hy by die Moonies en die International Church of Christ genoem word) bly aan die besoeker se sy en leer soveel oor hom as moontlik. As daar meer as een besoeker by die byeenkoms teenwoordig is, word hulle doelbewus van mekaar weggehou sodat hulle nie hulle besware of gevoelens van skeptisisme teenoor mekaar kan opper nie. Die opsom en kategorisering van lede is onder die situasionele faktore bespreek.

### **Fase 3: Herorganisasie van die daaglikse program**

Gedurende hierdie tyd sal 'n poging aangewend word om nuweling sover as moontlik fisies en psigies van hulle eie leefwêreld te isoleer. 'n Naweek op 'n vriend se plaas word dikwels gereël wat die nuweling tot 'n redelike mate onder die struktuur van die groep plaas. Biegsessies vind byvoorbeeld plaas (dit word dikwels vooruit beplan) waar bestaande lede op emosionele wyse bieg oor hulle sonde en getuig wat die groep nou vir hulle beteken. Hierdie optrede skep die atmosfeer vir die nuweling om dieselfde te doen.

#### **(i) Gedragsmodifikasie**

Gedurende die naweek vind die nuweling dat die naweek gestruktureerd is. Die groep kan impulsief besluit om byvoorbeeld te sing of 'n opvoering te reël. Omdat hulle eenparig die besluit neem, word die nuweling onder druk geplaas om mee te doen. Op allerlei klein wyses word die persoon se gedrag gemodifiseer om aan die groep se identiteit te voldoen. Hierdie aanvanklike toegewings maak die pad oop vir verdere, groter eise.

#### **(ii) Lesings**

Die lesings word gekenmerk deur vinnige aanbieding van baie feite. Die meeste daarvan is algemene waarhede waarvan niemand in beginsel sal verskil nie. Tussendeur word telkens 'n paar kulte-leerstellings vervleg. Vrae word ontmoedig en met algemene stellings omseil, wat 'n kritiese instelling bemoeilik.

#### **(iii) Emosionele bekentnisse**

'n Mens is geneig om sterker bande te smee met diegene met wie jy jou diepste gevoelens deel. Om hierdie rede word emosionele bekentnisse deur nuweling sterk aanbeveel. Ongelukkig word alles waarvoor lede in hierdie nuwe, vertroude omgewing bieg, weer later teen hulle gebruik.

#### **(iv) Die indryf van 'n wig tussen die individu en sy vorige leefwêreld**

Gedurende die lesings en gesprekke word daar geleidelik 'n wig ingedryf tussen die individu en persone in sy vertroude leefwêreld. Daar word sterk gefokus op die verskil van die groep in die wêreld maak en hoe min enigiemand buite die kulte vertrou kan word.

#### **(v) Die individu se persoonlike dryfvere word gebruik**

Die sogenaamde doel van die groep, wat gekies is met die lid se behoeftes voor oë, ontvang deurentyd aandag. As die lid byvoorbeeld oorspronklik laat blyk het dat hy 'n beter Christen wil word, word daar deurlopend gesuggereer dat hierdie doel net bereikbaar is deur by die groep aan te sluit. Omdat die lid graag 'n beter Christen wil word en die toewyding en blydskap van ander lede raaksien, besluit hy om hom ook te verbind (te commit).

#### ***(vi) Sang, dreunsang en meditasie***

Daar word baie klem gelê op emosionele uitlewing in die groep deur sang, danse, dreunsang en meditasie. Die nuweling kan dit verwelkom aangesien die spanning wat die lesings en emosionele bekentnisse meebring, sò verlig kan word. Hierdie emosionele byeenkomste word later vir die lid 'n nodige uitlaatklep wanneer hy of sy op straat verneder word deur lede van die publiek wat hom beledig en uitskel.

#### **Fase 4: Versterking van die nuwe gedragpatroon**

Dit is gedurende hierdie tyd baie belangrik dat kontak met die nuweling behou word en al die inligting wat tot dusver oorgedra is, versterk word. Dit is ook belangrik dat 'n nuwe roetine vir die nuweling gevestig word. Hy sal byvoorbeeld probleme ondervind om die hoeveelheid "discipling" te doen wat volgens die groep van Christene verwag word. Lede sal hom dan "help" om 'n nuwe daaglikse program op te stel waarvolgens hy kan lewe. Lede word nou streng volgens hierdie program gekontroleer. Indien hulle dit nie kan nakom nie, moet hulle van hulle bestaande aktiwiteite soos sport of besoeke aan hulle vriende, verminder.

#### ***(i) Poging tot verbintenis***

Op hierdie stadium kan die belangrikheid van bande buite die kulte, soos gesins- en vriendskapsbande, asook 'n studierigting of beroep, deur die persoon heroorweeg word. Die stewigheid van bestaande bande tussen ouer en kind is hier van bepalende belang en kan die nuweling laat huiwer om sy rug op dierbare gesinslede te draai. Wanneer daar baie konfrontasie en konflik was, kan dit as versterking dien waarom hierdie bande gebreek moet word.

#### ***(ii) Aanval as vorm van verdediging***

Die werwer sal hom ook gedurig daaraan herinner dat dit opoffering sal verg om God op die regte manier te dien (dit is die groep se manier), daarom moet hy bereid wees om offers te maak. Hy word geleer dat enigiemand wat hom konfronteer omdat hy nou 'n "ware kind van die Here" geword het, van die duiwel is. Op hierdie wyse word die lid geleer en gereed gemaak vir konflik met ouers, vriende en familielede.

#### ***(iii) Die nuweling begin gewoon raak aan die groep***

Teen die einde van hierdie fase kan die nuweling weer 'n uitnodiging aanvaar om 'n naweek saam met die groep mee te maak. Gedurende hierdie naweek kan alles wat onder die hegtingsfase bespreek is, herhaal word.

#### **Fase 5: Herdefiniëring van die self**

#### ***(i) Die kulte skryf die nuwe struktuur voor***

Waar die eerste vier fases 'n tyd van eksplorاسie en 'n soeke na die bevrediging van behoeftes verteenwoordig, verteenwoordig die vyfde fase 'n totale toewyding aan dit wat die behoeftes van die individu bevredig het. Hierdie toewyding word deur die kulte gebruik om die persoon heeltemal binne hulle struktuur te laat funksioneer.

#### ***(ii) Verandering van die lid se houdings deur 'n aanslag op die vermoë tot selfevaluering***

Nuwelinge word voortdurend onderwerp aan beskuldigings dat hulle lewewêreld niks goed oplewer nie, dat kerke lou is, dat gemeenskapsleiers leuenaars is en dat alles wat vooraf met hulle gebeur het, van die bose is. Die gevaar hiervan is dat sommige hiervan wel die waarheid is, maar dat dit uit verband geruk word. Aangesien die jongmens van kleins af geleer het om op sekere identifikasiefigure en -objekte te vertrou en sy identiteit daarvolgens gebou het, word die individu se self nou in 'n toestand van fragmentasie gedompel en 'n soeke na nuwe identifikasiefigure en -objekte ten einde affektiewe stabiliteit te herwin, vind plaas. Die kulte-leier bied struktuur, warmte, vertroosting, selfvertroue en besliste antwoorde wat die gefragmenteerde self weer herstel. Met hierdie optrede word die kulte-leier die redder uit die emosionele krisis wat hy self geïnduseer het. Dr John Clark (McManus & Cooper 1984:23) stel dit soos volg: "The key to mind control is the maintenance of this state of dissociation for a significant period, so that in this state of extended emergency, the victim must identify with the captor".

Die prys wat die nuwe rekrut betaal is dat hy nou onder beheer van 'n ander persoon is en dat sy psigiese stabiliteit afhanklik van dié se erkenning is. Sodra hy weer gerus gestel is en hom in 'n toestand van pseudo-veiligheid bevind, word daar weer 'n aanslag op sy identifikasiefigure en -objekte gemaak, wat die self weer in 'n

toestand van angs en fragmentasie dompel. Die kringloop word herhaal, en telkens word die kulte-leier en ander lede die "redders" uit die emosionele krisis. Met elke nuwe aanslag word die emosionele krisis vererger, totdat die persoon begin uitreageer, soos om goed rond te gooi en te skreeu. Wanneer dit gebeur, kan die kulte-leier die persoon se "versteurdheid" aan hom uitwys deur die uitreagerende gedrag juis as 'n bewys daarvan te maak. Die emosioneel uitgeputte en verwarde persoon kan dan in 'n toestand van emosionele krisis heeltemal toegee aan die groep se eise. So 'n daad van oorgawe sal weer met erkenning, warmte en vertroosting beantwoord word, wat die persoon nogeens kan oortuig dat sy heil by die groep lê.

Singer en Ofshe (1990:1880193) beskryf die proses soos volg: "Psychiatric casualties appear to result in the application of these attitude-change programs. The subject person's motivation to adopt the manipulator's position and to become obedient is manufactured by inducing extreme anxiety and emotional distress. They (die kulte-leier of werwer) will closely monitor subjects so that when they reach the brink of decompensation, pressures can be reduced. The goal is to hold the subject at the point of maximum stress without inducing psychosis".

### ***(iii) Die lid offer sy "Isak"***

Hoe meer die lid hom verbind, hoe meer sal hy bereid wees tot selfopoffering. Hoe meer hy al opgeoffer het, hoe meer sal hy hom verbind. As teken van nuwe en volkome toewyding kan 'n baie groot offer van die lid gevra word. Hassan (1988:21), oudlid van die Moonies is byvoorbeeld aangesê om sy "Isak" vir die organisasie te offer. Hierdie stap kan baie pynlik wees vir die kultelid, maar hy of sy word geleer dat lyding vir Christus nodig is. Wat die nuweling nie agterkom nie, is dat hy op subtiele wyse geleer word dat lyding vir kulte, lyding vir God is.

### ***(iv) Verbale herdefiniëring van die self***

Om die veranderinge te versterk en die kulte 'n werklikheid vir die nuwe lid te maak, moet hy sy toewyding aan die groep verbaal herdefinieer. Daar word verwag dat hy hardop voor ander nuwe lede sal vertel dat die kulte vir hom nuwe hoop in 'n deurmekaar wêreld kom bied het. Hierdie optrede dra by tot versterking van die pseudo-identiteit wat in die kulte ontwikkel het.

### ***(v) Afsterf van die self (mortification) en oordra van outonomie***

Hoe langer die persoon in die groep bly, hoe meer word sy ware identiteit vervang deur die kulte-identiteit. Daar vind 'n herhaalde proses van "sterf in die self" plaas, wat daarop neerkom dat die persoon alle individualiteit, unieke geaardheid, kreatiewe en rasonale gedagtes, verlange na ouers en vriende, ensovoorts, moet onderdruk. Hoe minder daar van die ware self oorbly, hoe meer verhoog sy toewyding aan die groep. Dit word die enigste fokuspunt van die individu en kom daarop neer dat alle normale emosionele, intellektuele, konatiewe (die wilslewe), fisiese en geestelike ontwikkeling staak en 'n vernoude, eng, groepsidentiteit oorneem.

## **BIBLIOGRAFIE**

**Hassan, S. 1988.** Combatting cult mind control. Glasgow: William Collins Sons & Co. Ltd.

**Enroth, R.M. 1994.** Recovering from churches that abuse. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

**McManus, U, & Cooper, J.C. 1984.** Dealing with destructive cults. Grand Rapids: Zondervan.

**Singer, M.T. & Lalich, J. 1995.** Cults in our midst. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

**Whittset, D.P. 1992.** A self psychological approach to the cult phenomenon. Clinical Social Work Journal, 20(4), Winter:363-375.